19.15 RAPPORT 7: DEPUTATE JEUGSORG – *KRUISPAD* TYDSKRIF (Art 170)

A. Ds HC van Rooy lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

1.1 Acta 2012:253, 5.1: Die Deputate Jeugsorg en Kerklike Tydskrifte glo aan die voortbestaan van *Kruispad*-tydskrif. Besluit: Goedgekeur (kyk Acta 2009:333, 4.11; Acta 2012:255, 2.3).
1.2 Acta 2012:253, 5.2: Die elektroniese verskyning van *Kruispad*-tydskrif moet verder ondersoek en geïmplementeer word.
1.3 Acta 2012:253, 5.3: *Kruispad*-tydskrif moet saam met toerustingsmateriaal onder *Kruispad*-publikasies op die webbladsy.
1.4 Acta 2012:253, 5.4: Indringende marknavorsing moet gedoen word oor *Kruispad*-lesersmark.
1.5 Acta 2012:253, 5.5: Daar moet gekyk word na die samesmelting van *Kruispad*-tydskrif en die *Slingervel* in 'n besigheidsplan, maar nie noodwendig in dieselfde medium nie.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.5 kennis geneem.

2. Uitvoering van opdrag

2.1 *Sake waarvan die Sinode kennis neem*
2.1.1 Vir die termyn 2012-2014 sal 9 uitgawes die lig gesien het (reeds 7 tot met die opstel van die Rapport in Junie 2014, waarna nog twee uitgawes voor die einde van 2014 beplan word). Vanweë tegniese probleme en die verandering van redaksie kon die beplande 12 uitgawes nie realiseer nie.
2.1.2 Die volgende temas is per uitgawe aangebied:
2.1.2.1 Uitgawe 23: *Gebed*
2.1.2.2 Uitgawe 24: *Engele*
2.1.2.3 Uitgawe 25: *Nagmaal*
2.1.2.4 Uitgawe 26: *Tydlyne van die Openbringsgeskiedenis*
2.1.2.5 Uitgawe 27: *Keuses*
2.1.2.6 Uitgawe 28: *Hemel op aarde*
2.1.2.7 Uitgawe 29: *Wonderwerke vandag*
2.1.2.8 UItgawe 30: *#YOLO (you only live once)*
2.1.2.9 Uitgawe 31: (Nog in beplanning)
2.1.3 Dit is algemeen bekend in die media dat tydskrifte nie maklik terugvoer van lesers ontvang nie. Tog het *Kruispad*-tydskrif die afgelope jaar positiewe terugvoer van ons intekenare ontvang, wat ons tot groot dankbaarheid stem. Hier volg enkele verbatim (anonieme) terugvoer:
2.1.3.1 Emerituspredikant: *Ek het ingeteken op die Kruispad, want dit is lekker om te lees. Daar word geen kerkpolitiek verkondig nie en die artikels is leersaam. Ek geniet die Kruispad baie.*
2.1.3.2 Vorige redakteur van bekende tydskrif: *Uitgawe 29 lyk baie goed. Geluk! Die inhoud is interessant en leersaam. Die uitleg is pragtig en om die artikels in kassies op te breek, werk dink ek goed, dat niemand voel die goed is te lank nie.*
2.1.3.3 Van 'n tiener: *Dankie julle vir die goeie artikels oor die hemel. Ek het so baie geleer en dit het my baie laat dink.*
2.1.3.4 Van 'n student: *Ek het weer besef hoe die Here met elkeen van ons gesels in die Bybel. Daar is so baie artikels en so baie om te lees en te leer in Kruispad. Ek sien uit na die volgende uitgawe. Hernu my inskrywing asseblief.*

2.1.3.5 Van iemand uit ‘n ander kerk: *Ek hou so baie van Kruispad. Ons kerk se tydskrif vir die jeug is so soetsappig. Ek het my kinders ingeteken en hulle lees die hele tydskrif.*

2.1.3.6 Van ‘n predikant: *Dit is die beste Uitgawe ooit. Ek hou van die nuwe voorkoms van Kruispad. Hou so aan!*

2.1.3.7 Van ‘n predikant se vrou: *Die nuwe uitgawe van Kruispad is pragtig! Sowaar weer uit die boonste rakke. Baie geluk!*

2.1.3.8 Van ‘n sendeling: *Ek en my vrou is selwers oppad Masedonië-toe om sendingwerk daar te doen en kry dus baie bedieningstydskrifte om te lees. Julle publikasies staan vir my kop en skouers uit vir 'n hele klomp redes, job well done.*

2.1.4 Verspreiding van *Kruispad*-tydskrif

2.1.4.1 Tans staan die aantal intekenare op 925. Effektiewe bemarking moet steeds gedoen word. Op grond van navorsing (veral by ander Jeug/Christelike tydskrifte) is die volgende veranderings aan *Kruispad*-tydskrif gedoen om die jeug aan te spreek:

2.1.4.1.1 Nuwe moderne voorkoms met minder abstrakte grafika en meer foto’s.

2.1.4.1.2 Foto’s wat geplaas word, word baie streng vir kwaliteit en duidelikheid gekeur.

2.1.4.1.3 Die tydskrif is verander om by die heersende tendense in die media aan te pas.

2.1.4.1.4 Die artikels het meer subopskrifte gekry wat leesbaarheid vir jongmense verbeter.

2.1.4.1.5 Elke uitgawe bevat ‘ Bybelstudie.

2.1.4.1.6 Beter taalversorging om die Afrikaanse medium modern en maklik leesbaar te maak.

2.1.4.2 Voortgesette bemarkingsaksies

2.1.4.2.1 Gereelde briewe via die GKSA poslys om bewusmaking te bevorder.

2.1.4.2.2 Bekendstelling by jeugkampe en gratis kopieë as “pryse”.

2.1.4.2.3 Baniere en intekenvorms na soveel as moontlik Sustersaamtrekke.

2.1.4.2.4 Telefoniese kontak met predikante van studentegemeentes.

2.1.4.2.5 Bekendstelling deur redakteur en jeugdeputate by meerdere vergaderings.

2.1.4.2.6 Aan Opdrag 1.5 hierbo (samesmelting van *Kruispad* met die *Slingervel* in een besigheidsplan) is nie uitvoering gegee nie, weens die verskillende markte wat die tydskrifte bedien.

2.1.5 Digitale uitgawes (kyk by Opdrag 1.2 hierbo)

2.1.5.1 *Kruispad* is elektronies op die GKSA-webblad beskikbaar.

2.1.5.2 Alhoewel navorsing aandui dat die jeug steeds harde kopieë lees en vertrou, kan daar digitaal ingeteken word op *Kruispad*.

2.1.5.3 Ons het tans slegs 5 digitale intekenare.

2.1.5.4 Die moontlikheid bestaan om *Kruispad*-tydskrif deur ‘n toepassing soos *Zinio* of *My subs* te versprei indien daar 10 of meer intekenare is. Indien nie, is die finansiële koste daaraan verbonde te hoog.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.1.5.4 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Dat die opdrag om ten minste 4 uitgawes per jaar van *Kruispad*-tydskrif uit te gee, gekontinueer word.

3.2 Dat die moontlikheid van die digitale beskikbaarheid van *Kruispad*-tydskrif steeds op die agenda van die redaksie bly.

Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.